NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  Badseloop: Bespreek by Emiele Nel 083 391 6361 / badseloopjeugkamp@gmail.com;
  Magaliesberg Jeugkampterrein: Bespreek by Anvie Ventures, 044 696 6585 / info@anvieventures.co.za.

19 Augustus 2022: Nr 29/2022

Warmnuus

Sinodesitting 16-20 Oktober

Wysheid in 'n tyd soos hierdie

Prof. Thuli Madonsela het ingewillig om by die Sinodesitting wat van 16-20 Oktober te Weesgerus plaasvind, te kom praat. Daar is reeds voorheen gemeld dat daar beplan word om met die oog op deeglike nadenke oor die tema en die kerk se rol in hierdie tyd, ons aan stemme van buite die kerk bloot te stel. Daar heers dus 'n groot opgewondenheid by die ontwerpspan dat die voormalige Openbare Beskermer ons gaan vereer met haar teenwoordigheid en insigte in dié verband.

Inhandiging van geloofsbriewe: *Baie dankie aan die gemeentes wat hulle geloofsbriewe reeds deurgestuur het. Net 'n herinnering dat uitstaande geloofsbriewe so spoedig moontlik aan hermien@noordsin.co.za gestuur word.* **Kliek hier** vir 'n proforma-geloofsbrief.

Vir die volledige inligting tot op hede **Kliek hier**.

Verklaring: Algemene Sinode Dagbestuur

Gustav Claassen het die volgende verklaring namens die Dagbestuur van die Moderamen deurgegee: "Ons, die lede van die dagbestuur van die NG Kerk se Algemene Sinode Moderamen, is opgewonde en dankbaar oor die toewyding en dankbaarheid waarmee die NG Kerk in al sy gestaltes die Here dien. Op talle terreine maak die kerk 'n lewegewende verskil en word miljoene se lewe daardeur geraak. Ons is ook dankbaar oor bedieninge en versorging wat dwarsdeur die Covid-pandemie volgehou is en nou 'n nuwe seisoen ingaan. Ons wil dankie sê aan leraars, kerkrade en lidmate wat hul roeping gehoorsaam bly vervul." [Kliek hier vir volledige dokument]

Lentekonferensie

Vir die volledige brosjure: **Kliek hier**

20-22 September

Dié konferensie word volledig aanlyn aangebied.

Om in te skryf, kliek op die skakel: https://forms.gle/WnneBj9X5HNDDdSq9.

Navrae: Kontak Rika by excelsus@up.ac.za

Sinodenuus

Sinodesitting

Wysheid in 'n tyd soos hierdie [**Kliek hier** vir die volledige inligting tot op hede]

Kernmomente tot op hede uit die weeklikse nuus rakende die Sinode:

- Tema: Wysheid in 'n tyd soos hierdie.
- Datum: 16 – 20 Oktober.
- Plek: Weesgerus.
- Insiggewende perspektiewe deur sprekers.

- Afvaardiging: Meerdere sekundi is moontlik en kan afwissel.
- Karavaanverblyf is beskikbaar.
- Sakelys: volledige elektroniese weergawe, asook gedrukte werkskopie.

❖ Tekslees met 'n verskil

23 Augustus
Skriflesing: *LK 13:10-17*
Kontak vir Kobus Myburgh (083 227 7185) of vir Fanie Cronjé (083 415 1452).
Zoom Meeting: Kliek hier; **Meeting ID**: 921 9767 1478; **Password**: 453371

Kollega- en ander personeelnuus

❖ Bevestiging

Willie Schoeman word Sondag 21 Augustus in Lusaka bevestig. Vanweë 'n vertraging met die uitreiking van sy werkspermit, kon die bevestiging nie soos beplan op 7 Augustus plaasvind nie.

❖ Afskeid

Corné Randall (Overkruin) sluit binnekort aan by die Kerk van Skotland (Mannofield Parish Church in Aberdeen). Die gemeente neem op Sondag *21 Augustus* afskeid van hom, Zanné en hul seuntjie Evan.

❖ Verjaarsdagwense

Hartlik geluk aan die volgende persone wat verjaar:

21/08 Martin Lazenby [Emeritus]
Yvette Bosman [Derdepoort]
26/08 Wouter de Vos [Wonderboompoort]
Erika van Tonder [Wonderboom]
27/08 Petrus Kriel [Levubu]

25/08 Danita Ferreira [Eggenote van Danie Ferreira, Pretoria-Tuine]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae

Baie geluk!
Florandia [25/08/1974]
Stellastraat [27/08/1947]

❖ Wespoort

Karnaval
Wanneer? Saterdag *27 Augustus 2022* vanaf 8:30
Waar? Morkelstraat 77 Danville (op die kerkterein).
Daar is baie stalletjies met lekker eetgoed: Gebraaide hoender, jaffels, worsbroodjies, hamburgers, poeding, pannekoek, lekkergoed, koeldrank, plante en nog baie meer! **Die dagprogram** Pick a Box, Skyfskiet, veerpyltjies (mooi pryse wat gewen kan word) Springkasteel, speletjies, Tee en koffie plek waar lekker gekuier word en baie nuwe verrassings!

❖ Universiteitsoord

Winterkonsertreeks

Soos altyd, is ons orrelkonserte gratis, maar donasies word verwelkom en word aangewend vir die instandhouding van ons pragtige orrel. *21 Augustus 11*:00 – Die Orrelis Theo van Wyk: donasie.

Greenleaf

Borg 'n inspirasie, 'n droom, lewensvaardighede vir 'n student of tiener as deel van 'n lewensveranderende Christelike kamp. Stuur jou huishulp/tuinwerker se kind (16 jaar en ouer) op 'n heerlike kamp en skenk hulle 'n wonderlike geestelike ervaring en groei vir slegs R300. Jy kan ook 'n donasie gee om studente of tieners wat nie aan jou bekend is nie te borg. Die kamp is werklik lewensveranderend!
Wanneer: *16-19 September*; **Waar**: Altelekker-Jeugkampterrein;
Vir meer inligting of navrae: charlotte.sibanyoni@up.ac.za.

❖ Wonderboom-Suid

Aarbei Karnaval

Dié Gemeente hou op *3 September* om 9:00 'n karnaval waar 'n massa arbeie en verwante produkte verkoop gaan word. Kom geniet onder andere vars aarbeie, 'n teetuin, vetkoek en maalvleis, smoothies en roomys. Almal welkom!
Adres: 12de Laan 920, Wonderboom-Suid - Parkering onder toesig.
Navrae: 012-331 0494/071 393 0438.

Toerusting

❖ Excelsus: Sentrum vir Bedieningsontwikkeling

Volledige jaarprogram vir 2022

Navrae: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za / http://www.excelsus.org.za/

Leierskapsgeleentheid

Dit is weer tyd vir die jaarlikse **RITME Leierskap geleentheid:** *23 Augustus, 8:30-13:00.* Waar: Dei Gratia Gemeente, Pierre van Ryneveld, Pretoria. R200 per persoon (Dit sluit alle verversings en koffie/tee in vir die oggend.) Jy kan jou kaartjie by hierdie **skakel** bespreek.
Johan Smith en *Stephan Joubert* nooi jou om 'n oggend saam te kom kuier. Hier oggend is vir almal, jy hoef nie formeel in 'n leierskapsposisie te staan om dit by te woon nie. Dit is 'n stuk geestelike verryking vir enige iemand. Bring jou kollegas of jou bybelstudie-groepie. Almal is welkom!
VBO: 4 punte word toegeken.

e-Konferensie - Psalms en Profete Konferensie

Datum: *1-2 September*
Gratis; Aanlyn; [**Kliek hier** vir die volledige inligting]
VBO: 12 punte word toegeken.
Indien julle wil deelneem stuur asseblief 'n epos vir Prof Dirk Human by dirk.human@up.ac.za

Projek Moraliteit (ProMores)

Datums: *1 September*: Seminaar 1; *12-13 September*: Seminaar 2; 1-*2 November*: Seminaar 3
Kliek hier om die uitnodiging te lees.

Jeugbediening (gevorderde kursus)

Kursus aangebied deur die Sentrum vir Geloof en Gemeenskap by UP.
6 - 8 September; 14 – 17 November 2022; *15 – 19 Januarie 2023*; *Verhandeling Maart 2023* [**Kliek hier** vir volledige inligting]

Ander nuus

❖ Kerkbode

Só maak jy met kennisgewings vir Amptelike Nuus in Kerkbode -

Kerklike nuus oor wie is beroep, afgedank of het emeriteer is nuus wat gemeentes en lidmate in *Kerkbode* soek. Dit geld ook skuiwe by gemeentes asook die hou van Rings- en sinodale sittings. Daarom is dit nie verbasend dat die Amptelike Nuus-afdeling een van ons gewildste blaaie onder besoekers aan *Kerkbode* se webblad is nie. Vir ons by *Kerkbode* is dit dus uiters belangrik om dit so maklik moontlik vir gemeentes en Ringe te maak om kennisgewings te plaas. Stuur net 'n bondige e-pos aan kerkbode@tydskrifte.co.za met die nodige inligting ('n goeie kwaliteit kleurfoto byvoorbeeld van 'n nuwe leraar of emeritus-leraar is ook welkom).

Verklaring: “Daar is nie plek vir ‘skeurmakery’ in die kerk van Christus nie” - Lees hier meer.

Humoristiese streeknuusbrokkie: Hoekom ds Chris Olivier van NG Gemeente Drie Riviere Oos in Vereeniging ‘n roomkoek in die gesig as ‘straf’ gekry het by hul gemeente se onlangse basaar. Lees hier meer.

Slypskool: “Help ons om mensestories van data te maak,” was die pleidood vanaf lede van die NG Kerk se Taakspan Navorsing aan deelnemers wat onlangs die tweede Slypskool vir Skrywers bygewoon het wat die Taakspan saam met Kerkbode by die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit op Wellington aangebied het. Lees hier meer.

❖ Vakatures

Kerkbode Vakatures: **Kliek hier** vir die vakatures wat in die elektroniese Kerkbode geadverteer word.

Overkruin

Voltydse medeleraarspos

Die gemeente is geleë noord van die Magaliesberg in Wonderboom, Pretoria met ongeveer 1 400 belydende en 200 dooplidmate. Ons nooi gelegitimeerdes van gereformeerde verband uit om aansoek te doen vir ’n voltydse mede-leraarspos. **Kliek hier** vir die inligting.
Diensaanvaarding: *1 Januarie 2023* of so spoedig moontlik daarna.
Stuur asb aansoeke elektronies voor of op *30 September* aan: die Skriba, deofaverenaomi@gmail.com.

Sanddrift

Voltydse medeleraarspos

Die gemeente is ’n plattelandse gemeente so ±25 km vanaf Brits op die R511-roete na Thabazimbi (GPS: S25 27’53.6 sec, E27 40’42.0 sec). Die pragtige groot kerkgebou en kerkterrein met ruim pastorie is geleë tussen die plase van die boeregemeenskap met die Krokodilrivier wat ±3 km daarvandaan deur die distrik vloei. **Kliek hier** vir die inligting.
Sluitingsdatum vir aansoeke: *30 September*.

Harmonie Park

Boekhouerpos – **Kliek hier** vir die inligting
Sluitingsdatum: *23 September*
Navrae: admin@harmoniepark.co.za

Naskrif